

Titel: Maak jou mond wyd oop
Pastor: Lucille May
Datum: 11 April 2010
Tyd: 08:30



Mattheus 18:3-4

³ Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie. ⁴ Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemel.

I Korinthiërs 13:11-13

¹¹ Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. ¹² Want nou sien ons deur 'n dowwe spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. ¹³ En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

Efesiërs 5:18

¹⁸ Moenie dronk word van wyn nie... maar word met die Gees vervul.

Jesaja 1:3, 8

³ 'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eenaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie. (*My people do not consider*)

⁸ En die dogter van Sion het oorgebly soos 'n skerm in 'n wingerd, soos 'n hut in 'n komkommertuin...

Psalm 8:4-10

⁴ As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, ⁵ wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? ⁶ U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, ⁷ U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: ⁸ skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, ⁹ die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis. ¹⁰ Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!

Spreuke 6:6

⁶ Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom.

Hebreërs 4:9-11a

⁹ Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, ¹⁰ want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. ¹¹ Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan...

Romeine 1:20

²⁰ Want Sy onsigbare eienskappe kan van die skepping van die wêreld af verstaan en duidelik gesien word in wat Hy gemaak het.

II Timotheus 3:15

¹⁵ en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak...

Johannes 3:16

¹⁶ God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Psalm 81:11

¹¹ Ek is die Here jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop dat Ek dit kan vul.

Psalm 103:5

⁵ wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.